PSALM 34:1-19 NGK MIEDERPARK (28/6/09)

TEMA: DIS TYD VIR ‘n FEES Ds Okkie Cilliers

Die Heiland het gesê dat Hy gekom het sodat ons ‘n lewe in oorvloed kan hê (Joh 10:10)– dis tyd om fees te vier. Ek hou van ‘n fees. Of dit nou my verjaarsdag is of sommer net ‘n lekker kuier – dit bly ‘n heerlike ervaring, veral as dit boonop rondom ‘n lekker bord kos draai. Wat is lekkerder as om rondom skaapboud, rys aartappels en gebakte appekoospoeding te kuier!

Ja, dis tyd om fees te vier!

Feesviering is natuurlik nie iets wat vreemd is aan die Bybel nie. Om die waarheid te sê het ons al lankal verleer om regtig op ‘n Bybelse manier fees te vier. Want ons het so gebalanseerd besig en leeg geraak dat baie van die dinge wat ons sien as feesvieringe, niks anders as oppervlakkige genot is nie - dis iets vir die oomblik en as dit verby is, is die vreugde ook verby. In die OT het die hele samelewing en kerk gedraai rondom feeste. Dit was so belangrik dat alle Joodse mans regoor die wêreld verplig was om een van die 3 groot feeste by te woon (Paasfees, fees van die weke en die Loofhuttefees). As dit die tyd daarvoor was, het alles sommer kleur en lewe gekry en alles het gedraai rondom daardie spesifieke fees. As die een fees verby is, was dit net ‘n rukkie dan was dit weer tyd vir die volgende een! Almal het deelgeneem en dit was presies wat dit veronderstel was om te wees: **‘n fees!**

- Nehemia 8 en 9 (veral 8:12-13) en ook 12:27-29,43.

Daar was nie sprake van ‘n gereserveerde blydskap en net verstandelike instemming van die vreugde wat met ‘n fees gepaard gegaan het nie. Die mense het hulself geniet met musiek, dans, kos en wat ook al lekker was om te doen (kyk na Dawid se optrede in 2 Sam 6:12-15!)

Want daar is en was rede om fees te vier. Dawid vat alles mooi saam in vers 5: “Ek het die Here aangeroep en Hy het my geantwoord… Die Here het gehoor (vers 7). Die vraag was nie hoe die omstandighede gelyk het en of die mense in die bui was vir ‘n fees nie. *Want as daar fees gevier moet word omdat ons ‘n rede daarvoor het, sou ons NOOIT daarby uitgekom het nie omdat niemand lus is vir ‘n gedans en gesing as dit nie met jou goedgaan nie*. Daar is net een rede: die Here se goedheid is rondom ons! Let op die omstandighede waarin die Psalm geskryf is: vers 3 praat van die wat swaarkry; daar is mense wat vir hom seer wil maak (vers 17); vers 19 sê hy is gebroke en moedeloos. Dit gaan nie so goed nie want daar is probleme. En tog praat hy van ‘n lied wat hy wil sing, want die Here is vir hom oneindig goed!!

Ons het hierdie inherente vreugde verloor, want ons het beheer oor die lewe verloor. Nie soseer het ons die beheer verloor as wat dit uit ons hande gevat is nie – of so voel ons. Ons het dinge onder beheer gehad en nou is ons besig om dit te verloor. Enkele voorbeelde:

- Ons het beheer verloor oor die onderwys. Dit word verskriklik duur, die standaarde het gesak, die kinders kry nie meer erkenning vir hul werk nie en dit beteken dat hulle ook nie werk gaan kry nie. Vroeër was dit anders, want toe het ons dit beheer.

- Ons het beheer verloor oor ons geld. Vroeër kon 'n mens met pensioen gaan en weet dat jy rustig kon leef tot die Here jou kom haal. Vandag stort alles rondom ons in duie want ons geld beteken niks en word al hoe meer waardeloos. Die stroom mense wat hul werk verloor/gaan verloor word al hoe groter. Vroeër was dit anders want toe het ons dit beheer.

- Ons het beheer verloor oor die geweld rondom ons. Mense se lewens word orals bedreig en sinneloos van hulle af weggeneemEn tog lyk dit asof daar niks aan misdadigers gedoen word nie – hulle het meer regte as die mens wat seer gekry het! Mense doen verskriklike dinge en stap skotvry uit. Dit maak ons banger, want mense kry vrye teuels om te maak wat hulle wil!

Daar is BAIE ander dinge (SABC, mediese dienste, maatskaplike dienste ens ens) wat genoem kan word – dinge wat aan ons gedoen word wat veroorsaak dat ons beheer oor die lewe verloor en dat ons moedeloos word en sukkel om die mooi in die lewe raak te sien.

Dis ook nie net die dinge wat ander doen wat ons beheer laat verloor nie. Daar is hoeveel **persoonlike** dinge aan die gebeur wat so seer en bekommerd kan maak dat ons nie meer die vreugde van die lewe kan en wil raaksien nie.

- Hoeveel mense het nie beheer oor hul huwelike verloor nie? Manne en vroue is na jare se getroude lewe uitgekuier vir mekaar. By sommige het daar dinge gebeur wat so onstel het dat hulle nie meer kans sien om aan te gaan nie. By baie ander het NIKS gebeur nie en dit het so voorspelbaar en vervelig geword dat niemand meer daaroor beheer het nie. Dan wil mense uit om weg te kom van alles af. Of hulle bly uit radeloosheid en verdwasing maar stil en hoop dat daar iewers in die toekoms net iets sal gebeur wat dinge dalk reg kan maak. Hulle het beheer verloor.

- Daar is mense wat beheer verloor het oor hul persoonlikheid en dinge wat binne hul gebeur. Sommige ontrek hulself en probeer dinge uitsorteer – sonder sukses. Die meeste steek dit baie fyn berekend weg en hoop dat niemand dit ooit sal agterkom nie. Ander gee hulself oor aan dinge en mense in 'n poging om hulself te vind. Maar dit werk ook nie…

- Ander het beheer verloor omdat hulle dinge toegelaat het om beheer van alles oor te neem. Hier word gepraat van die verslawings van die 21ste eeu – sommige daarvan is ernstig en ander nie: mense maak afgode van hul liggame; ander is hopeloos vasgevang in hul werk en hul soeke na geld; sommige het hulle oorgegee aan die ellendes van pornografie, alkohol en 'n sogenaamde vrye lewe… Hulle steek die dinge sogvuldig weg en op die oppervlak word die skyn bewaar en lyk dit asof alles goed gaan.

- Hoeveel mense is stukkend oor verhoudings wat skeef geloop het. Ek sien die geskokte eensaamheid by 'n jong seun wiese ouers besig is om te skei. Hulle dink hulle sal weer

normaal kan voortgaan, maar ek weet dat die seun se lewe vir die res van sy lewe aan flarde gaan wees en dat die beheer van sy lewe uit sy hande geneem is.

Daar is ouers wat bekommerd is oor hul kinders se lewens en die rigting wat hulle instap; siekte wat een snags laat wakker lê…

Kom ons vier fees! Kom ondervind en sien self dat die Here goed is!

- *Hoekom? Daar is niks in die lewe om oor bly te wees nie!*

Ja, kom ons vier fees!

Want die grootheid van die Here is daar (vers 4)!

Dit kan in hoofletters oor elkeen van die probleme van die lewe geskryf word: as ons beheer verloor het is God steeds daar. As dinge in die onderwys te duur en absurd raak is dit mense wat sulke dinge veroorsaak en het dit niks aan die Here verander nie. As die midadigers boere vermoor, is dit bose mense wat God se goedheid probeer steel maar dit nooit sal regkry nie. Al val mense uitmekaar weens die probleme wat in en rondom hulle aan die gebeur is en al word die skaduwees van die doodsvalleie al groter… **die Here se grootheid is daar!**

Dit beteken dat daar ‘n verandering in ons denke moet kom. Dit kan ook nie net ‘n kosmetiese verandering wees waar ons maar net ‘n “*Christian act*” opsit nie! Want ons mense is baie lief daarvoor: ons sê mooi dinge oor die goedheid van die Here, haal vroom tekste aan oor die Here wat sorg en doen in die openbaar die gangbare en korrekte dinge om te wys dat ons op die Here vertrou. Maar of dit werklik oorgaan in ‘n feesmaal en vreugde is ‘n ope vraag – want daar is baie min mense wat fees vier in die Here se teenwoordigheid. Miskien is een van die redes daarvoor ook die trots en selfversekerdheid van kerkmense: hulle het hul siening oor elke ding van die lewe en geloof. As iets in hul kraal pas praat hulle saam en raak daaroor opgewonde. As iets nie by hul inpas nie ignoreer hulle dit en gaan maar net voort in die lewe. Ja, vir elke ding is daar ‘n antwoord, ‘n styl en ‘n tegniek.

Want mense verloor hul beheer, en die fout wat hulle maak is om te dink dat hulle **iets** moet doen sodat hulle weer hul beheer kan terugkry. Vir kinders van die Here is dit onmoontlik – want geen mens is in beheer van die lewe nie! Daar is twee magte aan die werk in hierdie skepping: God en die Satan. Een van hierdie twee **beheer** die mens se lewe. Ons wil dit nie hoor nie en dink dat ons self in beheer is. En as beheer verloor word, reken ons is dit net ‘n kwessie van tyd en ‘n paar dinge gedoen voordat dinge weer reg gaan kom.

- Wat God nie beheer nie, staan onder direkte bevel van die hel en die Satan lag homself ‘n papie vir die manier waarop hy mense laat glo dat hulle self hul eie dinge kan uitwerk. Sulke mense kan nie fees vier nie omdat die duiwel self fees in hul lewe vier. Hulle oë en ore is so toegemaak dat hulle dit nie kan agterkom nie. Hulle is so besig om te stres oor

dit wat verkeerd loop, dat hulle besig is om op te pak want hulle werk sonder God. Hulle probeer hul lewens onder beheer kry, maar kry dit nie reg nie. Hul hart is nie reg nie.

- Wat God beheer , is presies wat dit sê: **God beheer dit!** Geen mens wat kind van die Here is kan op sy eie manier fees vier nie, omdat hy niks op sy eie mag/kan doen nie. Dis juis die wonderlike van hierdie uitnoding van die Here: ontspan en geniet die lewe want God is op pad om iets te doen.. die inisiatief is in God se hande.

Die verandering in ons denke en optrede kan dus nie maar net nog een van die mooi maar betekenislose dinge in die lewe wees nie. Om saam met die Here fees te vier is alles of niks. Want ons mag nie langer behep wees met die dinge wat die duiwel beheer nie – ons kyk te veel na dit en raak dan bang en bekommerd omdat dit lyk asof daar geen ander uitkoms is as die dood se skaduwees nie. Geloof vra van ons om behep te wees met die goedheid en die guns van die Here wat altyd by ons is. Daarby weier ek om te glo dat alles sonder hoop is en dat daar NIKS meer oor is wat mooi is nie. Daar is soveel mooi en kosbare dinge wat die Here aan ons gee wat ons sommer net laat verbygaan asof dit niks is nie – dis nie niks nie! Dis die guns van die Here wat saam met ons is.(Kyk na vers 11.)

Om fees te vier vra om daardie **keuses** te maak. Jy kan voortgaan met 'n lang gesig en kla oor alles wat in die kerk verander het (asof alles net boos is!), oor die misdadigers wat wegkom met alles, oor die skole wat nie meer veg vir ons kosbare kultuur en taal nie, oor die SABC wat net Engels praat, oor die mediese dienste wat aanhou agteruit gaan, oor die paaie wat onrybaar raak… Nêrens in die Bybel word gepraat oor skole en kurikulêre programme nie; die SABC se Engels is sover ek weet ook nie iets waaroor hulle in die hemel praat nie; hospitale wat agteruitgaan is ook nie op die agenda van die hemel nie en ook nie mense wat bedrog pleeg en wegkom met misdaad nie (om die waarheid te sê is daar nie eers plek in die hemel vir hulle nie – vers 17 reken dat hulle sommer net sal verdwyn!). Wat wel in die hemel belangrik is en waarvoor daar Goddelike **bevele** is, is die maniere waarop daar saam met God fees gevier moet word. Dis die dinge waarvoor die gelowiges 'n keuse moet maak en waarmee hy moet leef.

Dis tyd om fees te vier! En hiermee word bedoel dat ons heeltemal beheer moet verloor en ons moet verlustig in die dinge van die Here:

Vier fees in die gebed (vers 5,18). Ek weet dat mense wat verskonings aanbied oor hoekom hulle nie bid nie, arm in die geloof is en niks weet van feesvieringe nie. Want die basiese taal van die fees is vir hom onbekend!

*Dis tyd dat ons die **taal** van die fees onder die knie kry en gemaklik met God kan praat.*

Sing 'n lied tot eer van die Here (verse 3-4.). Ek weet (uit Ps 22:4) dat mense wat nie sing nie, besig is met 'n "Christian act" en nie besig is om fees te vier nie. Die verskonings wat mense het om nie voor die Here te sing nie, kon lagwekkend gewees het as dit nie so tragies was

nie. Hulle staan suurbek teen die mure van die troonsaal van die Here waar 'n fees aan die gang is, en hulle kies om dit te doen. "Want hulle hou nie daarvan nie…" Genugtig! Asof die blydskap oor die Here se versorging afhang oor hulle grille en giere!

*Dis tyd dat ons die **melodie** van die fees aanleer sodat die Here behae in sy kerk kan hê.*

Vier fees in die byeenkomste van die gelowiges (vers 12 se "leer om te dien" het immers in die kerk plaasgevind) – die Psalm is ook 'n lied wat in die byeenkomste van daardie tyd gesing is. Kerk bring niemand in die hemel nie, maar dis so duidelik soos daglig dat een wat nie saam met ander gelowiges bymekaar kom nie, arm is want sy fees wat hy wil vier is teoreties, op sy eie manier en wanneer hy daarvoor tyd het. Vanuit die byeenkoms loop dit ook deur na elke plek waar iemand as kind van die Here kom – sy werk, vriende…"Ek is in die teenwoordigheid van God en ek wys dat ek nou saam met Hom fees vier – die Engel van die Here is rondom my! (vers 8).

*Dis tyd dat ons die **plek** vir die fees in orde kry en hou: orals waar ons kom.*

Vier fees in die Woord van die Here (Hierdie lied staan in die Bybel en dis die plek waar ons geleer word van die Here se sorg). Ek weet dat mense wat 'n gebrekkige stiltetyd en huisgodsdiens het, 'n gebrekkige kennis het van die die manier waarop fees gevier moet word. Hulle doen dit maar soos hulle voel en soos dit hulle pas (en raak woedend vir ander wat anders daaroor voel). Omdat hulle nie weet hoe die guns en liefde van die Here klink nie, kry dinge soos "moedeloosheid… swaarkry… benoudhede…" hulle gou-gou onder en dinge raak dan te veel. Mense wat met die Bybel in die kop/hand leef, is die mense wat Jesus se teenwoordigheid raaksien, kop hou en nie gaan lê nie!

*Dis tyd dat ons die **handleiding** vir die feesvieringe onder die knie kry en onbevange net maak wat die Bybel sê!*

As die regte keuses gemaak word, *sal ons ook die leefstyl vir feesvieringe onder die knie kry* (verse 13-15). Dan kan die **dinge** in die lewe wat soos die dood se skaduwee lê en loer, ook aangespreek word. Want dan is ons nie soos mense sonder hoop nie en die dinge sal ons ook nie onder kry nie. As daar verhoudings is wat herstel moet word, kan daar in die vreugde van die Here hulp gesoek word en dinge kan herstel word. As daar dinge is wat spanning veroorsaak (siekte, kinders e.a.), kan daar nog steeds volhard word in die goedheid van die Here! Niemand mag toegelaat word om op 'n hopie gaan sit en te wag vir die dood nie. Want daar is hoop – meer as genoeg en voldoende om tot in die ewigheid aan te hou: *kom en ondervind self dat die Here goed is (vers 9).*

As daar dinge is wat verkeerd is (sonde, verslawings e.a.) en nie tot eer van die Here se vreugde is nie, kan/moet dit ook aangespreek word. Want niemand kan praat van die Here se feesmaal wat voorberei is, maar in die praktyk praat hy bitter en verkeerde dinge en doen hy dinge wat eerder lyk na 'n begrafnis van die hel! Maak 'n keuse: bely daardie dinge voor die Here en breek daarmee. Die Here se uitnoding is altyd oop om jou by die feesmaal te laat aansit (Mat 11:28).

Dis tyd vir ‘n fees! Want dis tog wat die Here Jesus kom vestig het. Met sy menswording en lewe het Hy hierdie nuwe lewe kom aanbied en demonstreer. Hy het ‘n vrederyk kom bou en dit met bloed beseël. Daarmee het ‘n koninkryk tot stand gekom wat nooit tot ‘n einde sal kom nie. Daardie koninkryk is oop vir enigiemand wat in die geloof saam met Hom wil kom feesmaal hou. Die Heiland vra nie hoe veel keer jy bitterbek was, in die sonde geval het, beloftes gebreek het, gelieg het, vreugde in ander bose goed gaan soek het… Sy opdrag is duidelik: elkeen wat Hom sien as die enigste Verlosser en met die sonde breek in die lewe, ontvang ‘n volmaakte vergifnis en kan kom aansit vir die feesmaal.

Niemand mag daarvoor ‘n verskoning hê nie. Daarvoor is Mat 11:16-19 te duidelik:

- Jesus het die mense soos kinders wat op die markplein speel, genooi om saam te speel. Eers het Hy op die fluit gespeel en genooi om saam te dans. Maar hulle wou nie omdat dit *te lighartig vir hulle* was. Hulle wou eerder die speletjie van die somber vreugde speel.

- Toe nooi Hy hulle uit om begrafnis-begrafnis saam te speel. Dit wou hulle ook nie doen nie, want *dis te ernstig vir hulle*. Hulle woe eerder iets ligter gehad het!

- Johannes was ernstig en hulle het hom verwerp omdat hy nie respek gehad het nie. Jesus was vol vreugde en het selfs saam met die tollenaars partytjie gehou – en hulle het Hom ook verwerp omdat Hy (volgens hulle) nie die nodige respek aan die dag gelê het nie.

Die Seun van God is gebore om God en mens te versoen. In Hom het die goedheid van die Here ‘n konkrete werklikheid geword. Of jy het dit en jy leef daarmee. Of jy het dit nie en staan op jou eie voete en die einde daarvan is selfvernietigend.

Wie dit het, sal beskerm word deur die guns van die Here. Die vrede van die Here sal jou lei in die lewe waaraan jy nou deel het en wat aangaan tot in ewigheid.

Mag jy dit so beleef. Amen.